**Sondag 29 Maart**
**Skrifgedeelte: Handelinge 4:23-31 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Handelinge 4:31**
**Die Heilige Gees bemoedig ons om in moeilike situasies vir Christus te getuig**

Petrus en Johannes is deur die Joodse Raad gevange geneem omdat hulle geleer het dat die opstanding uit die dood deur Jesus 'n werklikheid is. Hulle word beveel om nie verder in die Naam van Jesus iets te verkondig of te leer nie.

Die situasie het vir die apostels onhoudbaar geword, omdat Jesus hulle juis beveel het om die evangelie te verkondig (Matt. 28:19-29). Wat doen hulle in hierdie moeilike situasie? Die gemeente het tot God gebid. Die inhoud van hulle gebed spreek van geloofsekerheid. Hulle ken die Heilige Gees se Woord in Psalm 2:1 waar Hy sê wat Hy vir sy volk wil doen teen die vyande se aanvalle. Waar dit blyk asof die vyande van God geslaag het, deur Christus te kruisig en die apostels te vervolg, gee die Gees nou die sekerheid dat God in beheer is. Daarom vra hulle nie dat hulle teëstanders gestraf word nie. Hulle vra vir versterking om met vrymoedigheid die evangelie verder te verkondig.

Vir vertroosting in hulle moeilike situasie wys God ook dat hulle gebed verhoor is. Die gebou het geskud deur God se teenwoordigheid deur die Gees. Hierdie was nie 'n tweede Pinkster nie, slegs 'n bemoediging deur die Heilige Gees wat hulle versterk het om die Woord van God te verkondig.

Ons het ook die opdrag om die evangelie te alle tye en omstandighede te verkondig. Ons word nie fisies soos die vroëe kerk vervolg nie. Tog blyk dit dat ons nie altyd die moed het om dit te doen nie. Miskien is jy bang vir sosiale verwerping of dat dit vir jou 'n verleentheid mag wees. Onthou, al hoe ons hierdie opdrag kan gehoorsaam, is om in gebed vir God te vra dat die Gees die vrymoedigheid in ons harte sal wek.

*Sing: Psalm 2-1:1, 2*
*Ds. MAF (Andries) Kruger (Emeritus)*